NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

14 April 2023: Nr 13/2023

Warmnuus

Pinkster '23

Soos reeds voorheen berig, het die SDR by haar vergadering op 8 Maart besluit dat gemeentes aangemoedig moet word om almal vanjaar oor dieselfde tema Pinkster te hou. Die ONSE VADER is as tema gekies. Die materiaal is tans in die voorbereidingsproses en sal teen einde April beskikbaar wees.

Die gedagte om oor dieselfde tema Pinkster te hou, is een van die aksieplanne vir die jaartema nl. "HOU MEKAAR VAS".

Sanlam Reality

Theo Smith gee die volgende inligting deur: " In die onlangse verlede het lede die pensioenkantoor gekontak oor SMS'e wat hulle ontvang waarin hulle meegedeel word van afslag koepons waarvoor hulle kwalifiseer sowel as ander voordele. Hierdie lojaliteitsprogram is aan die Bestuurskomitee van 13 Maart voorgelê sodat die voor- en nadele daarvan bespreek kan word. Die besluit was om 'n omsendskrywe uit te stuur wat die lojaliteitsprogram in meer detail verduidelik." [**Kliek hier** vir die omsendbrief].

Sinodenuus

Deernis – Begrip – Waardering

Hierdie drie kernwoorde, ***deernis, begrip en waardering***, verwoord op 'n besondere manier die Noordelike Sinode se fokus vir hierdie jaar. **Kliek hier** vir die volledige inligting.

Dit word ook duidelik verbeeld in die logo:

- Die stewige greep van die hande simboliseer iets van die intensiteit van ons voorneme om mekaar vas te hou.
- Die onvolmaakte sirkel simboliseer dat om mekaar vas te hou 'n moeilike voorneme is. Dalk gaan ons sukkel om dit reg te kry en daarom gaan dit baie energie en toewyding van ons vra.

Gemeentes en ringe kan hierdie logo na goeddunke op aankondiginge, plakkate en op ander plekke gebruik. [**Kliek hier** om die logo af te laai].

Tekslees met 'n verskil

Dinsdag 18 April (11:00) – **1 Pet 1:17-23**
Zoom: https://us06web.zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478 / **Passcode:** 453371 /

Kontak: *Kobus Myburgh* by 083 227 7185 vir meer inligting.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Verlowing

Bernard van Wyk [Thabazimbi] en **Michelle Snyman** het op *1 April* verloof geraak.

❖ Emeritaat

>>> Daniel de Vos [Sesmylspruit] emeriteer aan die einde van April en sy afskeids-preek is op Sondag, *16 April*. Hy en Pat gaan hulle in die Suid-Kaap vestig.

❖ Bevestigings

<<< Trix Truter (emeritus) word op Sondag *16 April*, as brugleraar in Waterberg bevestig.

>>> Hennie van Schalkwyk (emeritus en voorheen van Vryheid-Wes) is op Saterdag, *1 April*, in 'n vastetermynpos van 3 jaar by Môregloed bevestig.

❖ Beroep

Stephan Strydom [Dalunie] het die beroep na *Sasolburg-Tuinedal* bedank.

❖ Verjaarsdagwense

16/04 André Botha [Naboomspruit]
18/04 Heinrich Stapelberg [Overkruin]
20/04 Gerrie Strydom [Florandia]
Hannes Bezuidenhout [Pietersburg-Noord]
21/04 Riaan Odendaal [Warmbad-Wes]
22/04 Johan de Wet [Hartbeespoort]
Paulus Burger [Pretoria-Oos]
Jana de Lange [Demissie]
Coenie Swart [Emeritus]

16/04 Marius Ferreira [Eggenoot van Bettie, Waverley]
22/04 Liezel Hoepfner [Eggenote van Hennie, Albertyn]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Pretoria-Oos [20/04/1920]
Marikana [22/04/1944]
Queenswood [17/04/1947]
Pietersburg-Oos [17/04/1967]

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023: Kliek hier. **Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Lentekonferensie *19-21 September 2023.* **VBO-punte** 30**.**

Sertifikaatkursusse in Bedieningsvernuwing:

Hoe vorm ons gemeenskap in ons gemeentes

Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening.** **Kliek hier** vir volledige inligting.

- *18 April* (8:30 – 16:30), *19 April* (8:30 – 16:30) en *20 April* (08:30 – 13:00)

Inskrywings: Kliek op die skakel en voltooi die vorm: https://forms.gle/xh6mS3gCaVw16NHy9. **VBO-punte** 30.

Dink nuut oor jou bediening

Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening**. **Kliek hier** vir volledige inligting.
Die modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:

- *9-11 Mei* **- *Hoe lees ons die Bybel?*** Inligting volg binnekort.
- *24-26 Oktober* **- *Wie is God?*** Inligting volg binnekort.

Inskrywings: Kliek op die skakel en voltooi die vorm: https://forms.gle/3XvnAgKnjgeMEw126. **VBO-punte** 270.

Prediking van die Ou Testament

Dennis Olson

20 Junie - Seminaar in Pretoria. **Kliek hier** vir die besonderhede.

Ander nuus

❖ **Vakatures**

Kerkbode: **Kliek hier** vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

❖ **Bybelmedia**

Paasfees en Pinkster: **Kliek hier** vir ’n reeks Christelike boeke wat beskikbaar is.

❖ **Kerkbode**

Lees die volgende in die jongste uitgawe: Daar is twee gevestigde, welbekende roetes op die Pelgrimstog van Hoop-netwerk: van Stellenbosch (of Kaappunt) tot by Kaap Agulhas en van Uniondale tot by Mosselbaai. 'n Groep stappers het onlangs ’n derde roete vanaf die ligtoring by Mosselbaai in ’n suidelike rigting verken. Lees redakteur *Le Roux Schoeman* se **verslag** oor sy saamstap-ervaring.

❖ **Christelike Lektuurfonds**

Moenie hierdie ongelooflike uitverkoping misloop nie! *17-22 April*
Koop aanlyn - https://shop.clf.co.za *of* besoek enige CLF Boekwinkel: Bloemfontein, Kimberley, Newton Park of Wellington - https://shop.clf.co.za/contact-us/).

Naskrif